

ds. PJ Kriel

30.08.2025

Inhoud Gelowiges se toekoms lê in God se verbondstrou, nie die hoop op 'n nuwe nasie of magsbedeling nie. God was, is en sal altyd vir ons deur alle magsbedelings, ouers en nuwes, God wees wat vir ons aan sy verbond met ons getrou bly. Die Here Jesus is nie die kerk se nasie-god wat die nuwe nasie en Afrika seën nie. Hy is die Here wat die minagting en verbreking van sy wet oordeel – en sulke nasies verniel en laat val. Al sing die spiritueles die hele dag lank in die tempels - God seën Afrika. God is die Here van die nasies en Hy beskik die opkoms en val van nasies deur die oordeel van sy wet. God het vir hulle wat 'n nuwe nasie, nie die kerk van die Here in hierdie wêreld wou wees nie, die Here van die nasies geword: “Ja, so sê die Here, die hele land sal verwoes wees.”(Jer. 4: 27)

Skriflesing. Jeremia 1:9 -16; 2: 8, 9, 23, 24; 6:13 – 15; 7: 3- 7; 8: 10 – 12. Open. 1: 4 – 6.

Teks: Jer. “ 6:¹³ Almal, klein en groot wil hulle self net verryk, almal, selfs die profete en priesters is uit op bedrog. ¹⁴ Hulle het goedkoop raat vir my volk. Hulle sê net: “Alles is reg! Alles is reg!” Maar niks is reg nie.”

Tema. God se verbondstrou skep vir ons 'n lewenswyse van diens terwyl niks in die land reg is nie.

1. Waarin lê ons toekoms as gelowiges

In God se getrouheid as God aan sy verbond met ons deur Jesus Christus ons Here of in die hoop op 'n nuwe nasie en 'n nuwe magsbedeling, nog 'n keer?

God was, is en sal altyd vir ons deur alle magsbedelings, ouers en nuwes, God wees wat vir ons aan sy verbond met ons getrou bly. Dit is hierdie verbond wat Jeremia in hoofstuk 31 so aangekondig het:

³³ Dit is die verbond wat Ek met hulle in die toekoms sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. ³⁴ 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: “Jy moet die Here dien” nie, want almal sal my dien, klein en groot sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.”

Dit is ons toekoms! God vergewe al ons oortredings en dink nooit weer aan sondes wat ons doen nie. So skep God in ons 'n nuwe hart en gedagtes wat nie meer op straf of sondigheid fokus nie, maar op die wet van God, en dit doen God vir klein en groot. Dit is die verbond wat Jesus Christus vir ons as sy kerk vervul volgens Open. 1: 5, 6 “Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader.” Ons is nie mense wat vir sondes en

God se verbondstrou skep vir ons 'n lewenswyse van diens terwyl niks in die land reg is nie

oortredings moet offer en opgeoffer word nie, maar mense wat hulle in liefde aan God se diens volgens sy wet mag toewy.

So is God ons God deur alle magsbedelings binne in hierdie wêreld heen want volgens Open. 1: 5 - 8 is Jesus Christus nie net ons Here nie, maar die Heerser oor die konings van die aarde en aan Hom behoort al die heerlikheid en krag tot in ewigheid – Hy wat is en wat was en wat kom.”

Binne en deur alle menslike magsbedelings, volke, nasies, koninkryke, demokrasieë en diktature heen wat die Here self opbou en afbreek, (Jer. 1: 10) is en bly God se verbondstrou ons toekoms. Ons het in alle menslike magsbedelings altyd 'n toekoms binne God se liefde, diensbaar volgens sy wet as Here van die kerk en heerser oor alle nasies!

2. In Jeremia se tyd het Israel hulle rug op God en sy verbondstrou gedraai na afgode toe. Van die redes vir hierdie wegkeer van God was die val van die koninkryk van Assirië, die dood van koning Josia van Juda en Juda se onderwerping aan die mag van Egipte. Assirië het die tien stamme van Israel totaal vernietig en Egipte het die elite wat nou Egipte se mag verteenwoordig het van die gewone burgers vervreem. Die magselite van rykes en geestelikes rondom die konings van Juda het hierdie nuwe magsbedeling so uitgeroep: Vrede, vrede wat beteken: Alles is nou reg! Alles is nou reg! Dit is die geestelike slagspreuk van hoop wat die predikers en geestelikes in Jeremia se tyd vir die volk van die Here aangekondig het. Hierdie verligting oor die vernietiging deur Assirië wat nie plaasgevind het en onderworpenheid aan die mag van Egipte het hulle in hierdie nuwe hoop laat leef: “Alles is reg! Alles is reg!” Hulle het vir hulle 'n nuwe toekoms met hoop gevind in die nuwe magsbedeling in 'n nuwe wêreldorde.

Wat die Judese elite gedoen het in hierdie nuwe magsbedeling sien ons in die verse waarin hierdie slagspreuk weergegee word: Jer.6:¹³ Almal, klein en groot wil hulle self net verryk, almal, selfs die profete en priesters is uit op bedrog. ¹⁴ Hulle het goedkoop raat vir my volk. Hulle sê net: “Alles is reg! Alles is reg!” Maar niks is reg nie.” Die elite het hul eie gemeenskap geroof en geplunder om hulself te verryk. Hierdie nuwe hoop op selfverryking se bedoeling word ook in 5: 27 en 28 aangespreek: “Soos 'n voëlvanger 'n hok vol voëls maak, het hulle hulle huise volgemaak met bedrog; dit is waarom hulle magtig en ryk is, vet en blink.”

Die tweede deel van hierdie nuwe hoop op selfverryking was die ou slimigheid van solidariteit en inklusiwiteit in die mag van die heersende wêreldmagte: “Ons verteenwoordig die nuwe wêreld van vrede en vryheid.” Hierdie nuwe slimigheid was die ou dwaasheid van afgodsdienste wat Israel vanaf die intog elke keer gekies het om van God af weg te draai. Nie die priesters, profete of regeerders wou weet wat vir die land reg is volgens die wet van God wat een en enig is nie! Hulle het God se wet gesien as vervreemding van alle nuwe magsvennote. Vry van God se wet

God se verbondstrou skep vir ons 'n lewenswyse van diens terwyl niks in die land reg is nie

kon hulle magsalliansies volgens eie wysheid en eie begeertes vorm. Hierdie vryheid spreek Jeremia aan as die kuns om minnaars te soek: “³³ Hoe geoefen is jy in die kuns om minnaars te soek; jy het al so gewoon geraak aan die kwaad!” Jer. 2.

Om hul eie gemeenskap te roof en plunder waar God net nog 'n afgod soos alle ander afgode is, was die nuwe gemeenskapsorde wat hulle uitgeroep het in die slagspreuk - Alles is reg is – alles is reg! Roof en plunder van die nuwe gewaande godlose gemeenskap deur die magtiges is nie meer verkeerd nie.

3. Die brutaliteit van die elite se roof en plunder in hul selfverryking wys Jeremia in hulle tweede slagspreuk: “Die Here se tempel! Die Here se tempel! Die Here se tempel!” Hierdie slagspreuk verwoord die bedrog van die priesters en profete van die Here: die Here van wie hulle net nog 'n afgod maak, moet die nuwe magsbedeling van roof en plundering van die gemeenskap deur die elite seën, waarborg, bewaar en beskerm. Wie moet hulle nuwe magsbedeling seën? Jeremia wys op hierdie goddelose spiritualiteit in die openbaring in Jer. 2: 27 “Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: “My vader,” en vir 'n klip: “U het my in die wêreld gebring .”Na My toe het hulle hul rug gedraai in plaas van hulle gesig.” teenoor 3:4 “En nou noem jy My skielik: My vader,” en sê jy: “U is my vriend vandat ek 'n kind is.” Daarom stel Jeremia in 7:4: “Moenie julle vertrouwe stel in leuens nie. Julle sê: ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!” Die slagspreuk van die nuwe hoop van die nasie, Juda, “Alles is reg! Alles is reg!”, was gewaarborg met die kerk se slagspreuk wat by herhaling verklaar word: “Dit is die Here se tempel! Dit is die Here se tempel! Dit is die Here se tempel!” Dit was die ironie! Die aanbidding van die Here in die tempel as net nog 'n afgod moes die nuwe nasie-hoop waarborg. Terwyl Israel in hierdie nuwe hoop in hul plundergees leef dat alles nou weer reg is en reg sal gaan, kondig die Here aan: “Niks is reg nie!” Niks van hierdie hoop en niks in die toekoms waarheen hulle met hierdie hoop op pad is, is reg nie. God openbaar hulle hoop op 'n nuwe-nasie en 'n nuwe god – is 'n valse hoop. Hy as God is nie in vennootskap of alliansie met afgode nie. Hy as Here van die nasies regeer hulle deur sy wet en sy oordeel volgens sy wet. Daarom bepaal Hy deur sy oordeel en wet die toekoms van nasies. Die toekoms van nasies lê nie hulle nuwe hoop en nuwe magsalliansies nie, maar in wat God met hulle gaan doen. Hulle nuwe nasie hoop is vals omdat die toekoms van hulle nuwe hoop nie die toekoms is waarmee God vir nasies mee besig was nie. God het nie en sal nie enige nuwe magsbedeling seën, waarborg, bewaar en beskerm nie. Daarom stel God aan Jeremia om Hom as Here van die nasies só te verkondig: “¹⁰ Kyk ek stel jou vandag aan oor nasies en koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig.” (Jer. 1: 10)

4. Waarin lê ons toekoms as gelowiges?

Die geloofsontdekking wat Juda moes maak was dat in en deur al hierdie nuwe magsbedelings wat ontstaan soos Egipte en Babilon, en al die ou magsbedelings wat

verbreek, soos Assirië en Israel, deur al die hoop van en op nuwe nasies, hou God sy kerk deel van 'n lewe waarin sy verbondstrou teenoor hulle as sy kerk, hulle toekoms is: Dit is 'n toekoms waarin Hy alleen Here en God is, en nie net nog 'n god tussen gode nie. Dit is 'n toekoms waarin Hy alle magte en magsalliansies waarin Hy nie as Here gedien en geëer word nie, vernietig, een na die ander sonder ophou. Dit is 'n toekoms waarin Hy sy kinders vir Homself diensbaar hou en behou in sy liefde tussen en onder die mag en geweld van goddeloses en wetteloses. Dit is 'n toekoms waarin sy kinders aan sy wet verbind bly as die maatstaf van hulle lewe en nie 'n toekoms sal soek in die mag van goddeloses en wetteloses nie. Dit is en bly altyd die toekoms van die kerk omdat die Here God is en nie net nog 'n god is nie, soos die Here dit in Jeremia 31 aankondig: ³³ Dit is die verbond wat Ek met hulle in die toekoms sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.” dit is die toekoms waar Jesus Christus Here van sy kern en Heerser oor alle konings en nasies is. (Open.1: 4 – 6)

Waarin lê ons toekoms as gelowiges?

Baie christelike kerke in SA, ook die NG Kerk, het in 1995 geantwoord dat dit in die nuwe nasie en nuwe magsbedeling in die land is. Die NG Kerk wou die fasiliteerder van die nuwe nasie en nuwe regering wees met die slagspreuk van versoening. Dit is gedoen met 'n verslag wat genoem was die VAM verslag. Teenoor hierdie nuwe magsbedeling het hulle verkondig: Alles is nou reg! Alles is nou reg!

En wat was die nuwe vrede waar alles reg was en nog steeds is: plundering – elkeen wat in 'n magsposisie wat die gemeenskap plunder en beroof vir sy selfverryking ten koste van alles en almal. Dit is die bedoeling van die vrede van die kerk en gemeenskap gewees – alles is reg, alles is reg. Al wat nog verkeerd was en nog steeds is, is die sondes van die vorige magsbedeling!

En die nuwe hoop was gewaarborg in die slagspreuk – die Here se tempel, die Here se tempel, die Here se tempel! Met dieselfde goddelose ironie as in Jeremia se tyd – kom ons aanbid die Here Jesus Christus as net nog 'n afgod soos al die ander afgode en dan sal hierdie Jesus wie ons net nog 'n god maak, die vrede in die nuwe land en nasie bewaar: Jesus Christus sal Afrika seën het die kerk se nuwe loflied geword. Ek het in 'n NG kerkvergadering gesit waarin in een vergadering hierdie nuwe loflied ses keer gesing en gespeel was.

5. Wat het die Here Jesus Christus met die nuwe nasie, land en Afrika gedoen terwyl die NG Kerk se spirituele leiers hul nuwe loflied “God seën Afrika.” gesing het vir die nasie-god wat hulle opgemaak het in hul tempels met die spiritualiteit “Dit is die Here se tempel! Dit is die Here se tempel?” Wat het Jesus Christus die Here met die land en nasie en hulle vrede en versoening, alles is reg, alles is reg, gedoen? Het Jesus Christus Suid Afrika geseën of verniel as Heerser oor die konings van die aarde?

God se verbondstrou skep vir ons 'n lewenswyse van diens terwyl niks in die land reg is nie

'n Land waarvan die regering 'n kleptokrasie is wat misdaadsindikate beskerm. 'n Land waar moord en plundering deel van die orde en polisiëring van die land is. 'n Land waar diefstal en moord 'n konstitusionele reg is. 'n Land waar die wat werk en produseer beroof word deur die regering en hulle wat nie werk of produseer beloon word deur die regering. 'n Land waar hospitale lykshuise word, skole kinders dom maak, watervoorsiening en krag en ander dienste gesaboteer word vir skadu-besighede en paaie onbegaanbare obstrukties vir die land se verkeer word!

Die Here Jesus is nie die kerk se nasie-god wat die nuwe nasie en Afrika seën nie. Hy is die Here wat die minagting en verbreking van sy wet oordeel – en sulke nasies verniel en laat val. Al sing die spiritueles die hele dag lank in die tempels - God seën Afrika. God is die Here van die nasies en Hy beskik die opkoms en val van nasies deur die oordeel van sy wet. God het vir hulle wat 'n nuwe nasie, nie die kerk van die Here in hierdie wêreld wou wees nie, die Here van die nasies geword: “Ja, so sê die Here, die hele land sal verwoes wees.”(Jer. 4: 27)

En nou is al die kerkleiers stil oor die nuwe nasie wat verbrokkel onder die mag van die Here oor alle nasies. 'n Nuwe nasie wat nou weer onder die mag van die Here net weer nog 'n ou nasie en ou vernielde land is. Maar die Here verbreek die spirituele leiers se stilte oor sy vernieling van die wetteloses met die stem van die magtigste nasies van die wêreld. Hy is die Here oor alle konings en nasies van die aarde.

6. Waarmee was en is ons as gelowiges besig onder die mag van die nuwe nasie wat nou die ou nasie is?

Ons was mos besig met God en sy verbondstrou! Ons het geglo Hy vergewe ons alle sondes en dink nie aan enige van ons sondes asof ons dit moet self regstel en daarvoor vergoed nie. En uit hierdie geloof het ons die Here bly dien volgens sy wet terwyl kerke die Here se wet as liefdeloosheid gepreek het in die nuwe land en nuwe nasie. Terwyl ons met wetgewing al meer en meer uit die openbare lewe verdring word, het ons belasting betaal en ander geleenthede gesoek om nuwe diensbaarheid aan die Here te skep. En die Here het ons as sy kerk geseën.

Gaan die nuwe nasie en regering ons hiervoor beloon? Dat ons diensbaar volhard het deur al hulle plundering, karaktermoord en onderdrukking heen?

Die skaamtelose goddeloosheid het die president verwoord in die nuwe nasie se nasionale gesprek – wie is skuldig vir die massas wat arm is en arm gebly het onder die plundering van 'n regering wat gefunksioneer het as 'n misdaadsindikaat? Dit is ons! Ons wat in ons diensbaarheid, arbeid en gehoorsaamheid aan die Here se wet volhard het onder en deur die moord en plundering heen. Die massas moet ons as die oorsaak van hul verarming sien! Dit is hoe die nuwe toekoms vir ons aangekondig word.

God se verbondstrou skep vir ons 'n lewenswyse van diens terwyl niks in die land reg is nie

Waarop gaan ons hoop in hierdie chaos? Wat is ons toekoms in hierdie chaos waar die plunders wat hulle plunder as die oorsaak van die massas wat hulle verarm se ellende voorhou?

Dit gaan mos presies net wees wat dit nog altyd was – die verbondstrou waarmee die Here ons God is en die Heerser van die konings oor die aarde is. Ons gaan in sy vergifnis en liefde leef en hulle gaan onder die oordeel van sy wet leef – 'n wet waarmee Hy hulle nie gaan seën nie maar die land en gemeenskap gaan vervloek.

Ons en ons kinders, klein en groot gaan die Here dien en hulle, hulle sal verniel word en ontmagtig word in die geloof waarin hulle leef: Almal, klein en groot wil hulle self net verryk, almal,

En wat gaan van die kerk word wat gepreek het vrede, verlete, alles is reg alles is reg met die nuwe nasie en nuwe magsbedeling – presies net wat Jeremia stel “selfs die profete en priesters is uit op bedrog. ¹⁴ Hulle het goedkoop raat vir my volk. Hulle sê net: “Alles is reg! Alles is reg!” Maar niks is reg nie.” En die Here wys nou openlik dat in hulle nasie-visie en missie was en is niks reg nie – dit sommeer net goedkoop spiritualiteit om hoop in 'n nuwe magsbedeling te vestig en so hulle van God weg te keer.

14. Dink u die spiritueles wat die nuwe nasie in die naam van God wat hulle net 'n afgod gemaak het, gaan hulle nou bekeer. Wegkeer van hulle wettelose nasie-visie waarin elkeen homself net verryk het, na die Jesus Christus as Here van sy verbond en Heerser oor alle konings van alle nasies wat Hy laat kom en gaan?

Waar hoor u van enige aanval deur spiritueles op die kleptokrasie soos hulle dit 30 jaar gelde gedoen het: hulle moet hulle sondes bely, hulle moet restitusie doen vir hulle sondes, hulle moet die mag opgee want hulle is 'n onwettige regering, hulle moet hulle eiendomme, plase, poste en geld opgee vir hulle plundering! Waar het u al ooit in die laaste 30 jaar in die kerk gehoor dat ons wat werk en produseer, die wet gehoorsaam en belasting betaal vir dienste wat nooit gelewer word, is die onderdrukte wat verdruk word?

Waar is die profete en die priesters van die laaste 30 jaar wat gepreek het Vrede, vrede, versoening, versoening, alles is reg, alles is reg?

Raai? Hulle is in die tempel! Almal besig met nuwe seremoniële godsdiens waarin hulle hulself verdoof in 'n spirituele koma met kerse, meditasie, waterspeletjies en rituele – om hulle so af te isoleer van die goddelose wêreld wat hulle help skep en bedryf het, en God nou in sy oordeel tot niet maak. Die Here se tempel! Die Here se tempel! Is nou hulle wegkruip plek teen die Here wat hulle in die gemeenskap net nog 'n afgod gemaak het.

God se verbondstrou skep vir ons 'n lewenswyse van diens terwyl niks in die land reg is nie

Wat is ons toekoms in die nuwe nasie wat die ou nasie onder die Here se oordeel geword het? Persies net dieselfde toe die ou nasie die nuwe nasie geword het! Ons Here Jesus Christus! Hy sal ons deur alle magte in sy liefde en diens hou en alle magte buite sy liefde en trou self laat kom en gaan.

Kom ons sien die grootheid van die Here in die verval van die nuwe nasie en hoe Hy ons daardeur behoue laat bly het vir Hom. Kom ons hoop op God en minag die nuwe visies en missies wat die kerk besig is om uit te dink vir die nuwe, nuwe nasie na die nuwe nasie nou ook weer 'n ou nasie geword het.

Kom ons doen wat gelowiges altyd doen – kom ons keer ons weg van die magte van hierdie wêreld en bekeer ons na ons Here toe! Hy is ons toekoms in en deur alle opkomende en verbrokkelde magte. Kom ons los die spiritueles wat nou in hulle seremoniële tempels wegkruip vir die wêreld wat hulle geskep het en leef met God in sy liefde in sy skepping.